

Ons Volklidjies

Onderstaande reëls is die eerste vers van 'n vry onbekende Voortrekkerlied wat volgens een van ons korrespondente in die ou dae baie deur die Voortrekkers gesing is. Hy kan egter nie die hele lied onthou nie en dit is ook onbekend aan ons medewerker, wat begerig is om sulke minder bekende liedjies uit die volksmond in hierdie reeks op te teken. Ons wil derhalwe 'n beroep doen op ons lessers om mee te werk in die weergawe van die woorde van sulke byna vergete liedjies wat in vergange se dae in ons land weerklink het. Graag ontvang ons verdere inligting aangaande die onderstaande, asook die woorde van ander liedjies wat nie in die bundels verskyn wat in hierdie artikel genoem word nie.

VOORTREKKERLIED

Die Trekkers het die jare lank
Geswerwe in die rond;
Dog nou verhef hul lof gesang,
Uit aller hart en mond.
Goddank ons het nou eindlik
rus . . .

AS daar een ding is wat vir 'n kenner van ons volk byna aksiomaties is, is dit dat ons geheel en al nie kan sing nie. In hierdie opsig verskil ons van ander volke soos die Duitsers en Italiane wat nooit bang was om hul stemme te laat hoor nie. In die woning van 'n Duitse gesin kom baie maal vriende bymekaar en dit is vir hulle doodnatuurlik dat een van die aanwesiges die klavier oopmaak en begin bespeel. Lied ná lied word gesing en laat in die nag sê hulle mekaar vaarwel en dit is vanselfsprekend vir almal dat hulle 'n uiters genoeglike aand deurgebring het.

By ons is so-iets haas onmoontlik. Dit is uiters moeilik om iemand aan die speel te kry en dan, as dit so ver gekom het, is dit nog moeiliker om die aanwesiges te laat sing. Hulle ken nie die liedjies se woorde nie en beskou dit verder as ongemanierd om hul monde 'n bietjie groot oop te maak.

Vir hierdie gebrek in ons volkslewe is daar baie redes. Die vlag van Calvinisme wat vanaf 1815 soos 'n wolk oor ons kultuur gesprei het, het hardnekkig enigiets wat as ydel beskou is, gedwarsboom. Dit is gewis dat ons tot op daardie tydskop baie meer gesing het, maar ten gevolge van die outokrasie van die Skotse predikante wat destyds hier begin aanland het, het die mense opgehou om te sing, dans en speletjies te speel. Oneindige aantalle liedjies moes verlore gegaan het en dié wat ons vandag nog behou, is maar so te sê per ongeluk van moeder na kind oorgedra.

'n Ander rede is dat niemand ooit moeite gedoen het nie om in die outyd hierdie liedjies en hul deuntjies af te skryf nie. Ons het geen biskop Percy (die versamelaar van die Engelse „Reliques of Ancient Poetry”) of Robert Burns of Lönrolf (die versamelaar van die beroemde Finse volksgedigte—die „Kalevala”) gehad nie.

Voordat dit egter te laat was het manne soos prof. S. P. E. Boshoff, dr. S. J. du Toit, dr. C. F. Groenewald en ander ingespring en byme-

kaar gemaak wat daar nog oorgebly het. Maar wie sou kon sê hoeveel van ons volksliedjies onherroeplik verlore gegaan het?

Honderd jaar lank is Afrikaanse musiek so te sê doodgesmoor en deur gebrek aan die geskrewe musiek is die liedjies nooit gesing nie. As kind onthou ek goed hoe ons ons drang tot uiting gebotvier het deur die sing van die Engelse liedjies wat in die *Globe Song Folio's* verskyn het soos „Juanita,” „The Empty Chair,” „Genevieve,” e.d.m.

Die eerste Hollands-Afrikaanse bundel wat verskyn het, was die *Lieder Bundel* van dr. N. Mansvelt in 1907 (later uitgebrei in 'n uitgaaf van die Nasionale Pers). Hierdie bundel het baanbrekerswerk gedoen. Dit was ná die Driejarige Oorlog en die mense het al vinnig self die nasionale liedjies van die twee uitgeroeide republieke begin vergeet. Hier was die woorde en musiek nou vir die eerste maal te boek gestel, en daar was dus geen kans dat hulle vir altyd verlore sou gaan nie. Hierby het dit egter 'n lange tyd gebly. Sodat tien jaar gelede het die Engelssprekendes meteens Sarie Marais ontdek en dit het onmiddellik 'n hoë mate van gewildheid verower. Party het selfs so ver gegaan om dit te beskryf as die „volkslied” van die Afrikaners. Gelukkig vir die gewildheid daarvan, het meeste tot vandag-toe nooit meer as die eerste versie geleer nie en hulle is dus heeltemal onbewus van die „krokedellepes” van vers 4.

Hoeveel Het Verlore Gegaan?

Nadat die radio 'n paar jaar lank aan die gang was, is 'n uurtjie ook vir Afrikaans afgestaan en toe het ons sulke liedjies soos „Perdeby,” „Bobbejaan Klim Die Berg,” begin hoor. Die liedjies het egter geen ingang tot die breë lae gevind nie — in werklikheid is hulle deur baie Afrikaners heftig in die Engelse koerante aangeval en as „Hotnots-liedjies” bestempel. Met die heroplewing van braaiivleesaande en die goeie ingewing om die verrigtinge by dié geleenthede uit te saai, het 'n enorme verandering gekom. Die ou liedjies het onmiddellik hul ou gewildheid herwin en daar gaan

deur N. H. Theunissen

geen week verby nie of die inluisteraar kry die kans om hulle te hoor. In werklikheid lyk dit my of „Sarie Marais” sy (of is dit haar) ereplaas as „volkslied” verloor het. Hy is verplig om terug te staan vir die nou alombemide „Suikerbossie.”

Tog is die toestand van sake nie heeltemal bevredigend nie. Vandag bestaan daar, afgesien van bogenoemde, nog die omvangryke F.A.K.-liederbundel, maar hoeveel mense koop hulle, hoeveel doen moeite om die woorde van die liedjies van buite te leer? Daar bestaan alreeds vandag klagte dat „Suikerbossie” en 'n

paar ander so te sê „doodgespeel” word.

'n Week of wat gelede is die verrigtinge op 'n groot braaiivleesaand naby Pretoria uitgesaai. Dit was duidelik dat die groot gros van mense nie die woorde van die liedjies geken het nie. Hoewel ons altyd gretig na sulke uitsaai-programme luister, verdwyn die plesier as ons die onderbroke, mompelende sang van 'n duisend of tweeduisend mense moet aanhoor.

In teenstelling met hierdie braaiivleesaand moet ek die organiseerders van 'n braaiivleesfunksie wat verlede week op Heidelberg gehou is, felisiteer. Daar het 'n pragtig-afgerigte koor van skoolkinders gesing en die effek was byna elektries. Maar dis nie elke dorp wat 'n musiekliedhebber soos mnr. Eysen het om toe te sien dat dinge in die haak is nie.

Ek wil die volgende aanbeveling doen. Geen braaiivleesaand behoort uitgesaai te word sonder afskrifte van 'n sorgvuldig-opgestelde program nie; alle liedjies wat gesing word, moet onder die aanwesiges uitgedeel word. Onder die beste is natuurlik 'n geoefende koor, maar dit is nie altyd moontlik nie. Ongeorganiseerde en onvoorbereide uitsaaiery sal baie gou kritiek begin uitlok.


Met die nadering van die Eeufees is dit ons plig om ons al hoe meer toe te lê op gesamentlike sang en om dit te bevorder in die doel wat skrywer in opdrag van „Die Brandwag” be-oog. Ons sal met hierdie artikel as 'n aanvang van week tot

week in hierdie rubriek die woorde van bekende Afrikaanse liedjies verskaf. Ek raai die lesers aan om elkeen 'n skryfboek aan te skaf en sorgvuldig die woorde daarin af te skryf of ia te plak en dit mee te bring na feesgeleenthede. Maar nie alleen gaan ek die woorde weergee nie; ek wil graag die hulp van alle belangstellendes inroep om ook die woorde van vergete liedjies in te stuur. Van tyd tot tyd sal aangedui word van watter liedjies inligting verlang word.

In hierdie eerste artikel wil ons 'n begin maak om die nasionale volksliedjies van die vier provinsies van die Unie weer te gee. Ons het almal al gehoor van die Transvaalse Volkslied en van die Vrystaatse Volkslied, hoewel ons nie juis altyd die woorde van albei ken nie, maar min van ons weet dat die Kaapprovinsie ook sy eie volkslied gehad het en dit sal mooi wees as elke provinsie weer sy eie volkslied in ere herstel.

Mens kan altyd van ander lande leer. Amerika, bevoorbeeld, bestaan uit 48 state. Afgesien van die nasionale vlag en volksliedere, het elke staat sy eie vlag, sy eie wapen, sy eie emblematische blom en sy eie bynaam. Elke Amerikaan is diep geheg aan sy provinsiale staat, maar dit doen niks af aan sy gevoel vir sy nasie as geheel nie.

Ons begin dan met die volkslied van die Kaapprovinsie. Dit is die werk van F. R. Statham en wyle president Reitz. Die woorde is pragtig, indruwekkend en besielend en



Wyle pres. F. W. Reitz.

die lied is te eniger tyd werd om as volkslied van die hele land te dien. (Musiek in die F.A.K.-bundel).

Ons het die vryheid geneem om hierdie lied en dié van die Vrystaatse volkslied in Afrikaans weer te gee.

VOLKSLIED VAN DIE KAAPKOLONIE

Die seeman van die oue tyd
Met mas en ra en seile kwyf
Toe hy die Storme Kaap trotseer
Het van die land geprofeteer.
Die land sal wees 'n land van Hoop
Vir wie sy hand aan d'werk wil slaan
Wyl seestroom vloei en stormwind
loei.

En daardie Berg bly staan.

Bewaarheid is die seemans woord
Uit hoop vervul spruit hoop nog voort
Ons strewe steeds met nuwe krag
Terwyl ons lied klink klaar en sag.
Die land sal wees 'n land van Hoop
Vir wie sy hand aan d'werk wil slaan,
Wyl seestroom vloei en stormwind
loei

En Tafelberg bly staan.

Die volgende is die woorde van die Natalse Voortrekkerlied. Hierdie lied kan voorlopig maar as die Natalse nasionale lied beskou word. Die oorsprong is onbekend, maar blykbaar dagteken dit uit 'n baie vroeë tyd. Dit verskyn in president Reitz se „Uitgesoekte Gedigte.” Die wysie is Psalm 130.

(Vervolg op Bladsy 30)

Tip Top Skoenwinkel

(Edms.), Beperk.
Knoxstraat 74, Prinseslaan 65a,
GERMISTON. BENONI.



Die Afrikaanse Familie-
Skoenwinkels
Waar U die Beste Waarde
Vir u Geld Kry.
Noem „Die Brandwag” vir 'n
Spesiale Afslag.

DIE BRANDWAG ONS VOLKSLIEDJIES

LIED VAN DIE NATALSE VOORTREKKERS

*Dingaan is nou gesneuwel
Dis om sy tyranny,
Tamboesa en ook Sela
Om hul verraaierij.
Panda is gekome,
Hy heit gevra om vree;
Ons het dit sonder skrome
Blymoedig hom gegee.*

*Ons arme Afrikaners,
Wat hier in Natal woon
Hoe word tog onse trane
Met goedheid weer bekroon!
O God! Gy skenk ons vrede,
U seën ook daarby,
En Uwe hulpe mede
Ja, gy syt aan ons sy.*

*Hoop op die Heer, jul vrome!
Is Afrika in nood,
Daar sal verlossing kome;
Sy goedheid is seer groot
Hy maak op ons gebede
Heel Afrika eens vry
Van hul die ons vertrede
Dan leef ons vry en bly.*

Die volkslied van die Oranje-Vrystaat is gedig deur H. A. Hamelberg en getoongeset deur M. F. Nicolai — albei Hollanders wat in die Vrystaat kom bly het, omstreeks die tyd toe president Jan Brand aan die bewind gekom het. Hamelberg is ook die skrywer van 'n boek oor die Vrystaat van daardie tyd. Vertel word dat 'n koor die lied voor die volksraad gesing het en dié het dit sommer daar en dan as die Nasionale Lied aangeneem. Die musiek is opgewek en lewendig en dit staan nie agter by enige ander volkslied

ter wêreld nie. (Musiek in die F.A.K. Bundel.)

VRYSTAATSE VOLKSLIED

*Hef, Burgers, die lied van vryheid aan
En sing ons eie volksbestaan
Van vreemde bande vry,
Beklee ons klein gemenebes
Op orde, wet en reg geves
Rang in die state ry (bis).*

*Al het ons land 'n klein begin,
Ons gaan met moed die toekoms in,
Die oog op God gerig,
Wat nie beskaam wie op Hom bou
Op Hom as op 'n burg vertrou
Wie voor geen storme swig (bis).
Heil, driewerf heil die dierbre Staat,
Die Volk, die President, die Raad!
Ja, bloei na ons gesang
Die Vrystaat en sy burgers,
In deugde groot, van smette vry,
Nog tal van eeue lank! (bis).*

Dis seker aan min mense bekend dat die Transvaalse Volkslied vandag een van die amptelike Volksliedere van die Verenigde State is. Baie jare gelede het twee seuns in dieselfde dorpje van Holland gelewe. Hulle was neefs en albei se naam was Willem Eduard Bok. Altwee het uit Holland verhuis, die een na die Transvaal en die ander na Amerika. Altwee het roem verwerf in die lande waarheen hulle verhuis het. Die eerste het lateraan 'n hoë rang bekleed in die staatsdiens van die Republiek (Boksburg, bv. heet na hom), terwyl die ander, Willem Eduard, 'n joernalis geword het en die wêreldberoemde „Ladies

Home Journal gestig het. Die blad het hom 'n miljoenêr gemaak. Hy was 'n vurige bewonderaar van die Boere en toe die Republiek sy vryheid moes afstaan, het hy besluit dat die Transvaalse Volkslied nooit vergeet sou word nie. Hy het dit in Engels vertaal en in sy blad gedruk. Dis geesdriftig gesing deur sy miljoene lesers en het soveel opgang gemaak, dat dit een van die Amerikaanse volksliede geword het.

Die Transvaalse Volkslied is gedig en gekomponeer deur 'n Hollandse dame, Catharina van Rees, in 1876. Sy was 'n vriend van president Thomas Burgers en die lied is deur haar op sy versoek geskryf:

DIE TRANSVAALSE VOLKSLIED

*Kent gy dat volk vol heldenmoed
En tog so lang geknecht?
Het heeft geofferd goed en bloed
Voor vryheid en voor recht.
Komt burgers laat de vlaggen
wap'ren
Ons lyden is voorby.
Roemt in de zege onzer dap'ren
Dat vrye volk zyn wy (herhaal).*

Die leser sal my verskoon as ek die Engelse vertaling van een van die versies gee. Dit is volgens die bogemelde Amerikaanse volkslied van Bok (terloops besit ek ook nog 'n vertaling wat gesing is deur Engelssprekende Republikeine in die ou dae):

*With wisdom Lord us rule and guide
And these thy people bless;
May we with nations all abide
In peace and righteousness
To thee whose mighty arm hath*

*shielded
Thy folk in bye gone days
To Thee alone be humbly yielded,
All glory, honour, praise.
God guard our land, our own dear
land
Our children's home,
Their fatherland.*

Hierdie vertaling is besielend en is werd om onthou te word.

Op dieselfde wysie is ook die volgende lied gedig:

ONS EIE TAAL.

*Kom vier met my ons Volksbestaan
En eie Moedertaal
Wat my besiel en sag vermaan
Van Kaap tot in Transvaal!
Kom Afrikaners laat ons blude
Hul dade weer herhaal
Wat wou na lang en bange stryde
Herwin ons Moedertaal.
Ons eie taal, ons eie taal, ons eie
dierbaar Moedertaa'*

(...ord vervolg).